Skitterskoon
SKOONMAAKDIENSTE
084 379 5080
skitterskoon@gmail.com
Ametisstraat 14

ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Jun 2026 | Volume 3 Uitgawe Nr 31



OOM
Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff:
Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

## KITSNUUS

Lees meer binne

Janene se hart vol wol
Bl 2

Ria beleef 'n wonderwerk
Bl 3

Nuusbrokkies
Bl 3

Kaalvoetkonsert 'n fees
Bl 4

Kleinfontein in kollig
Bl 5

Huldeblyk:Fransie Petzer
Bl 5

Borgwards besoek Orania
Bl 6

10 vrae: Christelle de Villiers
Bl 8

Witkruismonument
Bl 9

Vaderskap
Bl 11

BCVO en Winterspele
Bl 12



Daar is op 16 Junie hand aan hand gewerk om by die Witkruismonument 'n verskil te maak. Hardus Pretorius, Dia van Staden, redakteur van Koerania, en Frik Bodenstein het trots die Oraniavlag by die terrein gelig. Frik en Hardus besit 'n waterfabriek en woon in Filadelphia Ark wat 'n veilige hawe vir Afrikaners bied. Lede van daardie gemeenskap word deur hulle in diens geneem. Dié twee manne is opgewonde oor Orania en het reeds hul verblyfreg bekom, want hul toekomsplanne sluit Orania in!
Foto: Monique du Plessis

# Wolhartprojek brei en hekel klein lyfies warm



Janene Kotzé het jare gelede al met die Wolhartprojek begin deur vir haar voormalige gemeente in Mpumalanga wolmussies vir die handwerktafel te brei. Die hoofdoel met die projek is om behoeftige kindertjies 'n bietjie warmer te maak gedurende die winter. Die wolhartjie op elke mussie, moet elkeen herinner dat onse hemelse Vader hulle raaksien en voorsien, en dat daar steeds mense is wat omgee, ten spyte van hoe moeilik hulle lewens dalk nou is. Vanjaar is 1 261 verskillende wolitems gebrei en gehekel. Die mussies, handskoene, serpe, sokkies, truie en komberse deur 22 vrywillige en handige vroue geskenk. Lees die volledige storie op bladsy 2.
Foto: Leonie Deysel



Vervolg op bl. 2

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: STORM | redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



KOFFIE EN KLETS
met die redakteur



# Het wag 'n wagwoord?

Deesdae kan ons niks ontsluit sonder om 'n wagwoord daarvoor te skep nie. Elke denkbare toepassing vra 'n wagwoord. Ek en jy kan nie 'n aanlyn bankrekening gebruik voordat ons 'n wagwoord geskep het nie.Dit voel of daar 'n komplot gesmee word, iewers in die wêreld, wat veroorsaak dat ons kwansuis agter 'n wagwoord kan wegkruip. Intussen weet ons almal: "Big brother is watching!"
Daar word intussen baie gesprekke met mense gevoer wat vir iets, iemand of 'n okkasie WAG. Wat het gebeur dat ons as Afrikaners so swak is met wag? Ons is gedurig haastig om iets klaar te kry, verby te kry of as afgehandel te beskou.
Onmiddellike bevrediging het deel geword van ons alledaagse lewens. "Wanneer wil jy die diens of produk ontvang?" se antwoord is blatant: "GISTER!"
Ons wag soms in die ry by 'n bank, in die dokter se spreekkamer, in die verkeer, vir die kinders by die skool, vir die geboorte van 'n baba, 'n verhoging, 'n geleentheid, by Binnelandse Sake, ensovoorts, ensovoorts.
Geduld is veronderstel om 'n positiewe eienskap te wees, maar wanneer tyd ons bestuur en ons beheer daaroor verloor het, of toegelaat het dat tyd met ons weghardloop, dan sukkel ons om stil te gaan staan en te besin. Dit is nie maklik om daardie verlore beheer terug te neem sonder om te wag nie.
Wie kry dit reg om te gaan stilstaan, asem te haal en te dink voor jy voort doen? Ai, die ongeduld hap aan ons hakskene en daarom hardloop ons terwyl ons teen die prikkels van geduld skop.
Die konsep van "wag op die Here" is 'n baie sentrale tema in die Bybel. Die presiese aantal kere wat die woord "wag" (as werkwoord of selfstandige naamwoord) in die Bybel voorkom, wissel natuurlik na gelang van die spesifieke vertaling. Dit kom egter in totaal in meer as 100 verse regdeur die Ou en Nuwe Testament voor.
As 'n opdrag of uitnodiging: Om geduldig op God se tydsberekening en beloftes te vertrou, soos in Psalm 27:14, Psalm 37:7, en Jesaja 40:31.
Alhoewel ons in 'n kits-eeu leef waar sekere dinge met die druk van 'n knoppie binne sekondes, minute of hoogstens 'n uur hulle opwagting by ons maak, is daar genoeg bewyse dat wag deel van ons lewens is.
Mag die onnodige gejaag na dinge wat ons siele nie voed nie, elkeen van ons tot stilstand dwing en herinner om te wag.
Brou 'n lekker warm pot koffie terwyl jy wag, asemhaal en weer vir God vra vir geduld, want die wag op ons Vader se tyd, sal altyd die moeite werd wees.

Dia van Aarden

vervolg vanaf bl 1...

Toe Janene Kotzé en haar man in November 2024 vanaf Mpumalanga na die Noord-Kaap verhuis het, het sy 'n jarelange tradisie saamgebring. Sy het voorheen elke jaar getrou mussies gehekel vir haar vorige gemeente se Junie-kerkbasaar, en selfs ná hul verhuising het sy eers voortgegaan om haar handewerk daarheen te stuur. Vroeg in 2026 het die begeerte egter by haar ontstaan om eerder 'n impak in haar nuwe omgewing te maak. Na 'n navraag op die plaaslike hekel- en breigroep het dit duidelik geword dat daar nie tans 'n soortgelyke projek bestaan nie. Dit het haar laat wonder of sy self 'n paar mense kon aanspoor om saam met haar mussies vir behoeftige kinders te maak. Na verskeie oproepe en e-posse het sy die nodige toestemming van plaaslike skoolhoofde verkry om hierdie droom te bewaarheid.
Dit was die amptelike geboorte van die Wolhart-projek—'n gepaste woordspeling op "volhard", want met wol sou daar deurlopend volhard word om 'n daadwerklike verskil te maak. Die projek het op 20 Februarie 2026 afgeskop met 'n amptelike einddatum van 26 Mei. Om die deelnemers te bedank vir hul kosbare tyd en die onkoste van wol, het Janene en haar man self geskenke en pryse beskikbaar gestel.
Hoewel Janene in haar hart stilletjies gedroom het om sowat 250 wolitems in te samel, het sy nooit 'n spesifieke syfer as mikpunt gedeel nie. Die aanvanklike reaksie was stadig en sy het self vinnig begin hekel om te verseker daar is iets om te skenk. Maar soos 'n damwal wat kraak, het die skenkings skielik begin instroom—eers 'n druppel van twee items, toe sakke vol, en uiteindelik 'n stortvloed van 698 items in die laaste twee dae alleen.
Teen die sluitingsdatum het die projek die verstommende totaal van 1 261 handgemaakte items bereik, waaronder 653 mussies, 353 serpe, 229 pare handskoene, 20 komberse, drie truitjies en drie paar sokkies. Hierdie wonderwerk is vermag deur die onbaatsugtige toewyding van 22 deelnemers, vyf anonieme bydraers en een skenking van buite die gemeenskap. Spesiale erkenning kom die top-deelnemers toe: Aliva Botha het die eerste prys, 'n vakansie, losgeslaan met 'n ongelooflike 250 items, terwyl An-Nelia Meyer 'n welverdiende tweede plek behaal het met 174 items, insluitend al 20 komberse. Die ander uitsonderlike bydraers in die topvyf was Louise Botes, Yvette Boshoff en Madelein de Beer. Die kosbare items is op Saterdag 6 Junie amptelik oorhandig aan verteenwoordigers van plaaslike instansies, insluitend Heidi Smit (Materiële Bystand), Jessica Eloff (Kieliepensie), Esna de Beer (Huppelkind), asook verteenwoordigers van die CVO-skool en Volkskool, met die versoek om dit dadelik en rojaal uit te deel sodat elke voorskoolsekind die koue winter met warmte en die wete van die Vader se liefde kan aandurf. Elkeen van die unieke items is afgerond met 'n spesiale gehekelde wolhartjie waaraan Janene en Alta Gayba tot laat in die nag gewerk het.
Die projek herinner ons daaraan dat 'n klein gedagte tot groot omkeer kan lei, en 'n groot dankie gaan aan al die vroue wat hierdie sukses moontlik gemaak het: Anna-Marie Daubney, An-Nelia Meyer, Anike Kirsten, Lourika Young, Madelein de Beer, Zelda Glanz, Yvette Boshoff, Ellen Holtzhausen, Minnie Strydom, Rina van Dyk, Aliva Botha, Karin Booysen, Marlene Esterhuizen, Hettie Glen, Dou de Beer, André Handford, Lené van der Walt, Annalize Goosen, Grietjie van Schalkwyk, Wietzke Potgieter en Louise Botes.
Belangstellendes kan Janene reeds kontak by 082 619 7879 om deel te word van die opvolgprojek vir 2027.

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Die Ondergrondse Mengels Beweging

- Wynvlieg Woltemade


Ek het altyd gedink Orania is veilig.
Net Afrikaans. Net orde. Net duidelik.
Toe begin ek iets raaksien.
Eers klein goed.
"Môre almal, net vinnig 'n update oor die meeting later."
Ek gaan nie jok nie.
Ek moes gaan sit.
Nie omdat iemand my laat skrik het nie.
Maar omdat my liggaam vir my gesê het: iets in hierdie sin is nie meer volkome Afrikaans nie... en tog verstaan almal dit perfek.
Dis toe wat ek begin luister.
Nie lees nie. Luister.
Want Mengels word nie gespel nie. Dit gebeur.
By die slaghuis: "Ja nee, die boerewors is actually baie goed vandag, check net die spice."
Spice. Nie eers "spesery" nie. Net spice. Klaar.
Niemand verduidelik nie. Niemand verskoon homself nie.
Op die rugbyveld: "Kom boys, focus net op defence."
Boys. Focus. Defence.
Dis nie meer taal nie.
Dis instruksies wat vinniger moet werk as trots.
Ek begin toe self vang.
"Ek sal check." "Ek reply later."
"Ek is nou occupied."
Dis nie sinne nie. Dis kortpaaie.
Dis hoe mense praat wanneer die dag nie wag vir grammatika nie.
Toe sê iemand vir my:
"Jy praat nogal Mengels nou, ja."
Ek lag eers. Toe nie meer nie. Want hy is reg.
En ek het dit nie beplan nie.
Die tannies is die stil bewys.
"Ek stuur vir jou 'n voice note, my kind."
Nie stemboodskap nie. Voice note.
Met volle emosionele gesag.
Die oom sê: "Ek moet bietjie die bakkie service."
Niemand skrik nie. Dis net hoe dinge werk.
En elke keer wat ek dink ek het weer teruggeval in suiwer Afrikaans...
stuur iemand net: "Kan jy die document forward?"
En ek sê: "Ja."
Toe kom my eie toets. Ek ry laat vir 'n afspraak.
En ek sê: "Sorry ek is laat, traffic was hectic by Melk & Heuning."
Ek gaan nie jok nie. Ek moes gaan sit.
Want selfs in daardie sin het niks vreemd gevoel nie.
Melk & Heuning. Traffic. Hectic.
Alles saam in een asem. En toe begin ek verstaan.
Mengels is nie 'n taal nie. Dis nie 'n plan nie.
Dis nie 'n beweging nie.
Dis net hoe mense praat wanneer die lewe te vinnig raak vir perfekte Afrikaans... maar nie vinnig genoeg om oor te skakel na Engels nie.
Ek is Wynvlieg Woltemade, en ek sit vanaand op my stoep met koffie wat koud geword het en my foon wat nie ophou lig nie.
Ek het vandag probeer om taal reg te hou.
Maar toe stuur iemand: "Ek kom nou nou."
En ek sit net daar. En ek moes gaan sit.

# Rapport uit vervloë dae






Aggie en Mauritz Meyer het vroeg vanjaar hulle huis in Orania opgepak en op hierdie juweel afgekom. Hulle het besluit om dié kleinnoot met Koerania te deel.
16 Mei 1971 se Rapport!
Dit herinner aan die goeie ou dae tot dié eens gewilde Sondagkoerant op die hoek van elke straat of in enige straatkafee in gedrukte formaat te koop was.
Selfs Mattewis die kat het dié papier aanloklik gevind.
Lank lewe vryheid van spraak in gedrukte (of digitale formaat) media!



# Ria wankel nie in haar geloof nie

Dia van Staden

Vanaf 3 September 2024 tot 11 Januarie 2026 het Ria Welgemoed se lewe 'n drastiese draai gemaak waaroor sy nie uitgepraat kan raak nie.
Sy deel haar verhaal met Koerania.
3 September 2024 was 'n doodgewone dag, soos enige ander. Na 'n heerlike kuier by vriende het sy tuis op die bed gaan sit en naar, seer, koud en aaklig gevoel. Al dié simptome het die volgende paar dae net erger geword.
Sy beskryf haar rits simptome waar haar maag begin opswel het, asof sy swanger was, sy het konstante pyn oor die hele buikarea beleef, konstante naarheid, kouekoors, vertigo, moegheid, lighoofdigheid en bloeding. Tydens 'n doktersbesoek was die dokter te bang om haar te ondersoek omdat hy "bang was my maag gaan bars".
Die diagnoses na 6 dokters wat sy by aangeklop het en 3 hospitale waar sy opgeneem was het die uitslae gestrek van H pylori na Ibs, Infeksie orals, gastritis, melenose en uiteindelik akute dervitikulietes. Dit beteken dat die dikderm van begin tot einde aan die buitekant vol blasies is.
Sy is aangeraai om net sekere kosse te eet en vloeistowwe te drink. Sy moes meeste van die tyd lê en mag niks swaar opgetel of gestaan het nie. Die drukking wat dit kon veroorsaak sou die blasies laat bars en kon haar dood veroorsaak. Ria mag nie in 'n motor gery het nie, want die geskud kon fataal wees. Kouekoors en lae bloeddruk was haar konstante metgeselle.
Sy moes 'n hele paar keer 'n drup ontvang om stabiliteit in ystervlakke te bereik.
Dr Simmons, 'n Dermatoloog by Universitas hospitaal in Bloemfontein kon slegs basiese raad vir haar toestand verskaf. "Hou die pyn en naarheid sover moontlik onder beheer en lewe met die konstante pyn terwyl jy heeldag lê en niks doen nie!" Die alternatief was om die hele dikderm uit en sny en vir die res van haar lewe 'n stomasakkie te dra.
Vir 16 maande en 8 dae was daar gebid, gehuil, gelag, gesalf, gebid en gevas en deur Ria en haar man en almal wat in hul vriendekring is, pastore, kliënte, kinders, oumense, koeriers nog baie meer gebid. "Letterlik almal wat van my toestand gehoor het, het gebid," sê sy. Daar was 'n hele paar keer wat Ria gevoel het of sy doodgaan. Alhoewel dit normaal is om so af en toe te huil en te gaan lê, was dit vir haar belangrik om weer op te staan en te probeer.
Dit was 'n uitdaging wanneer soveel mense haar geloof wou toets deur te vra waarom sy nie genees word as almal dan bid nie. "Al wat ek kon sê is dat ek glo die Here het 'n doel met alles, en Hy sal my genees op Sy kosbare tyd."
In 'n verdere geloofsaksie het Ria in Januarie 2026 saam met kerkvriende begin vas en het sy vir 4 dae slegs water gedrink. Wanneer haar bloeddruk dramaties laag geraak het moes sy noodgedwonge soutigheid inneem.
"Ek wou nie graag aan my laat sny nie, en ek het gebid en gevra dat die Vader my moes wys of ek moes laat sny. Ek het 1 nee en 2 ja antwoorde gekry." Op 10 Januarie het Ria gebid vir 'n duidelike antwoord, want op 19 en 22 Januarie moes sy die dokters weer vir 'n finale besluit besoek. Soos gewoonlik het Ria die Bybel nader getrek en lees toe in Johannes 11 waar die Here praat van sy liefde vir Lasarus, en Hy vertel dat Sy werke in Lasarus se lewe gesien kon word, al was hy so siek en moes hy sterf. Dit het haar diep getref!
Op Sondag 11 Januarie het sy en Chris opgestaan en hy het gevra hoe sy voel. Sy het goed gevoel, maar besef dat dit nog te vroeg was om werklik 'n diagnose te maak. Hulle is kerk toe, het koor geoefen en 'n besoekende pastoor het gedurende die diens gevra dat die Heilige Gees almal moet aanraak. "Ek rustig gesit en besef dat ek geen pyn het nie." Haar man het 'n paar keer gevra en sy kon sê dat sy geen meer pyn en swelling ervaar het nie. Ria het God gedank vir genesing.
Ria moes haarself die hele dag oortuig dat sy nie droom nie. "Ek het hier en daar 'n ligte pyn gevoel, maar geweier om op te hou glo dat God my genees het." Ria het by die een dokter in Hopetown gaan getuig voordat sy haar ondersoek het en verstom moes erken dat sy gesond was. Sy drink nie meer haar voorgeskrewe pille nie en weet dat die Here haar ten volle genees het.
"Ek wil nou net getuig van ons God se grootheid en liefde!"


Foto's: Verskaf
Een van die geleenthede waar Ria 'n drup as aanvulling moes kry was op 10 Oktober 2024.


Ria en Chris Welgemoed getuig graag oor God se goedheid.

# NUUSBROKKIES

### Bo-Karoo Opleiding spit sooi

Bo-Karoo Opleiding, Orania se tersiêre instelling, het op 8 Junie die sooi gespit vir 'n splinternuwe gebou wat klaskamers, kantore, rekenaarlokale en werkswinkels sal insluit.
Dié uitbreiding getuig van die belangrikheid van die skaarsvaardighede waarvoor BKO opleiding bied.
Paul Vogel, uitvoerende hoof van Bo-Karoo Opleiding, sê: "Wat vandag begin verrys is deel van iets baie groot. Ons visie na 800 studente, met 'n droom na 8 000 studente."
Orania teer nog 'n pad
Die onlangse teerpadprojek van die servituutpad is suksesvol afgehandel en die bietjie teer wat oorgebly het word nou effektief aangewend. Die pad na Kleingeluk word herstel en sal binnekort weer 'n beter ryoppervlak bied.

### OVD-Watervleuel Reddingsoefeninge

Die Orania Veiligheidsdienste se watervleuel bied bystand tydens noodsituasies op, of langs die rivier.
Die watervleuel bestaan uit vrywilligers wat hulself gewillig verklaar het om dié noodsaaklike diens te verrig.
Die span moet voortdurend paraat wees en maak seker dat hul gereeld oefen vir gebeurlikhede. Een keer per jaar word daar 'n veiligheidsdemonstrasie gehou wat deur die publiek bygewoon word.
Vanjaar se demonstrasie het op 30 Mei plaasgevind waar drie verskillende noodsituasies gesimuleer is.

### Oraniërs herdenk Bittereinderdag

Op 31 Mei 1902 is die Verdrag van Vereeniging onderteken. Dit was die einde van die Tweede Vryheidsoorlog. Bittereinderdag.
Op dié dag word ons herinner aan die gruweldade wat ons vroue en kinders in Britse konsentrasiekampe moes verduur en aan die plase, vee en landerye wat afgebrand is om die Boere te stuit.
Ons word herinner aan hoe die Afrikanervolk hierdeur geknou is. Hoe hulle van daardie dag af alles weer opnuut moes opbou, met 'n owerheid wat onderdanig was aan die Britse kroon. Ons word herinner aan die vroue wat vir die Boerekrygers gesê het: "Moenie vir ons oorgee nie. Hou aan veg tot die bitter einde."
Orania herdenk Bittereinderdag jaarliks op 31 Mei. Vanjaar is weer besoek gebring die Doornbult konsentrasiekamp net buite Orania. Die grafte van die vroue en kinders wat hier gesterf het word besoek en die uithouvermoë van die Bittereinders word herdenk. In Orania is Bittereinderdag, 31 Mei, 'n vakansiedag.

### Alexia vir Noord-Kaap-netbalspan gekies

Alexia Smit is vir die Noord-Kaap "Diamonds" netbalspan gekies, wat die onlangs by Ellispark aan die Telkom Netballiga deelgeneem het.
Alexia is 'n onderwyseres by die Orania CVO-skool en lid van die Bo-Karoo Gemsbokke-netbalspan in Orania.
Alexia en die span het kragte gemeet met al agt ander provinsies, en lê tans vierde op die telbord, met Wes-Kaap, Vrystaat en (met slegs enkele punte!) Limpopo wat bo hulle is. Die toernooi gaan in Junie voort.

### 'n Drieverdiepinggebou verrys

Die Werksgebou sal Orania se eerste drieverdiepinggebou wees. Die gebou vorm deel van die Werksplein wat tans in ontwikkeling is, en dit sal uiteindelik deel uitmaak van die Orania Stadsplein.
Die gebou sal kantoorruimte bied vir verskeie organisasies en sal afstand- en aanlynwerk vanuit Orania vergemaklik. Die boonste vloer bestaan uit 10 woonstelle wat aan die noordwestelike kant 'n pragtige uitsig oor die Karoolandskap bied, terwyl daar aan die suidwestelike kant uitstekende uitsigte is op waar die Stadsplein gebou word.
Volgens Niël de Klerk, hoof Ontwikkeling en Belegging by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, behoort die Werksgebou teen Desember 2026 voltooi te wees.

### Mini-monument in Orania

Die Kinderkubus is 'n nuwe monument wat tans in Orania gebou word. Oraniërs het op 16 Mei bymekaargekom om die eerste stene te lê.
Die Kinderkubus dien beide as 'n monument en 'n speelarea. Die eerste hoeksteen is gelê deur Lida Stydom, burgemeester van Orania. Die ander is gelê deur Gerard Basson, Annie Vogel en Victor Correia. Die Kinderkubus is 'n projek van Kaalvoet, wat deur middel van gemeenskapsprojekte 'n reuse ɸ100 000 vir die projek gegee het. Kaalvoet is 'n organisasie van Oraniërs wat wil teruggee aan die gemeenskap. Lida Strydom, stigter van Kaalvoet, sê die volgende oor die Kinderkubus: "Ons kinders is waardig en ons kinders is ons toekoms. Daarom verdien hulle ook die beste."

### Knapsak ondersteun die kunste!

Die Orania Kunsteraad het onlangs begin om besighede en instellings in Orania te bedank vir hul deelname en bydraes tot die kunste. Hulle het Fanus Becker bedank vir Knapsak se bydrae waardeur die kunste in Orania bevorder word. Hier ontvang Knapsak hul kennisgewinbord van Orania Kunsteraad - OKeR.

### Koeraniadagboek

Koerania is besig om 'n volledige dagboek van Oraniagebeure op een dagboek te skeduleer. Dit sal die geleentheid bied vir besoekers en inwoners om hul datums, besoeke of feesvieringe te beplan.
https://koerania.co.za/kalender
Indien jy aktiwiteite wil deel waarby die gemeenskap betrokke kan raak, stuur dit gerus na redakteur@koerania.co.za in 'n e-pos. Sluit die volgende besonderhede in dié volgorde in:
Titel van geleentheid:
Datum:
Plek:
Kontakbesonderhede:
Beskrywing en wie dit aanbied:
U samewerking sal hoog op prys gestel word.













# VANUIT DIE GEHOOR Kaalvoet as ons moet!

**Koerania het vir Lida Strydom, skepper van die Kaalvoetkonsert, gevra om die geskiedenis van dié prettige konsert met lesers te deel.**

Dia van Staden en Lida Strydom

Sedert die ontstaan van die Kaalvoetkonserte in 2002 het hierdie unieke instelling gegroei tot 'n onmisbare deel van die Orania-gemeenskap. Vanjaar het die produksie, getiteld Kaalvoetlegendes, reeds sy 22ste speelvak gevier. Dit wat destyds begin het as 'n vae idee oor 'n soortgelyke konsert elders, het vinnig in 'n kragtige realiteit ontaard danksy geesdriftige siele soos Christiaan van Zyl, Christiaan van der Merwe, Roelien de Klerk en Esna Schumann wat onmiddellik ingespring het om die eerste sukses moontlik te maak.

Wat die dryfkrag agter hierdie volgehoue poging bly, is die ongekende samebindende krag van die projek. Tydens 'n Kaalvoetkonsert ontstaan daar 'n hegtheid wat deelnemers en die gehoor saamsnoer. Dit bied die gemeenskap 'n kans om op hulself kritiek te lewer, saam te huil en bowenal vir hulself te lag. Hoewel die aanvanklike doelwit was om geld vir projekte in te samel, het die energie van die konserte vinnig 'n tweeledige doel aangeneem: dit befonds nie net unieke gemeenskapsprojekte nie, maar laat mense mekaar ook beter leer ken en nuwe vriendskappe sluit.

Temas word gewoonlik geïnspireer deur aktuele sake in die gemeenskap of die internasionale nuus, of bloot deur 'n blink gedagte van die kreatiewe Christiaan van Zyl. Nadat die tema gekies is, begin die noukeurige proses om liedjies te balanseer sodat dit by die tema pas, 'n verskeidenheid van bekende en nuwe musiek insluit, en rolle bied vir oud en jong, man en vrou. Dit moet 'n wye spektrum van emosies weerspieël—van nostalgie en rou tot pure lewensvreugde. Hierna word deelnemer-identifisering gedoen, waar daar dikwels gesoek word na mense wat soos die oorspronklike kunstenaars lyk.

Die gemeenskap se deelname is die absolute lewensbloed van die projek; sonder hulle is daar geen konsert of projekte nie. Die gemeenskap vul al die rolle: hulle tree op, organiseer, woon die konsert by, ondersteun die veiling geesdriftig en gesels nog lank daarna daaroor. 'n Besondere bron van vreugde is die jonger geslag; kinders vind altyd kreatiewe maniere om in die agtergrond deel te neem en items op 'n skeppende wyse te vul, wat verseker dat die tradisie lank na Lida sal voortleef.

Die logistieke reëlings agter die skerms is reusagtig. Dit sluit in administratiewe take soos om datums tussen besige kalenders te sinchroniseer, die saal te bespreek, oefeninge te skeduleer en dekor te beplan. Daarbenewens moet tekste geskryf en opgeneem word, kaartjies en programme gedruk word, fotograwe, videograwe en grimeerders gereël word, en SAMRO-registrasie hanteer word. Die veiling vereis beoordeelaars en rekenmeesters om die fondse te hanteer, en selfs basiese take soos pouse-eetgoed en die skoonmaak van die saal rus op die organiseerders se skouers. Gelukkig neem deelnemers self groot verantwoordelikheid vir hul eie kostuums en rekwisiete.

Oor die jare was daar vele hoogtepunte. Die eerste konsert, Kaalvoet op reis, het gewys wat moontlik is. Die produksie Ons kom van ver af, wat die Afrikanergeskiedenis van Jan van Riebeeck tot in Orania uitgebeeld het, het weens sy diep feitelike betekenis diep aan die hart gegryp. In teenstelling hiermee was Die Orania Pophuis 'n donker, brutaal eerlike produksie wat 'n spieël voor die gemeenskap gehou het. Hoewel sommige mense uitgestap het, het die produksie se uitbeelding van 'n heel, gesonde gemeenskap mense uiteindelik diep aangeraak. Vanjaar se tema het ontstaan uit 'n stapel vinielplate wat Christiaan van Zyl in sy stoorkamer gevind het. Dit is gekoppel aan legendes van sowel die Afrikaanse musiekbedryf as Orania se eie geskiedenis. Hoewel die laat finalisering van items groot druk op die span geplaas het om die teks betyds te voltooi, was die eindproduk 'n reuse-sukses. Vir Lida persoonlik was die absolute hoogtepunt toe haar vyfjarige kleinseun tydens 'n oefening teen haar kom staan en vra het of hy asseblief ook deel van hierdie ouma-tradisie mag wees.

Met vanjaar se veilinggeld is 'n baie spesiale doelwit bereik. Hoewel daar tans geld ingesamel word vir 'n Pioniersmonument wat sowat R1 000 000 sal beloop, is hierdie projek tydelik onderbreek vir 'n unieke kinderprojek. Die argitek Gerhard Pretorius en Paul Vogel, albei lidmate van die Gereformeerde Kerk Oranjerievier, wou iets vir die gemeenskap doen. Gerhard het die 'Kinderkubus' ontwerp—'n statige, eenvoudige siersteengebou met sirkelvormige openinge waar kinders hul verbeelding vrye teuels kan gee, geïnspireer deur die idee van die beeldhouer Rodin dat die voetstuk deel is van die kunswerk. Kinders is immers ons belangrikste inwoners en hul verhoog waardig. Omdat die begroting effens oorskry is, word daar ook groot dank uitgespreek vir die finansiële donasies van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, Orania Beweging, Orania Sakekamer, Orasol en Rembrandt Konstruksie. Nou kan daar weer volstoom aan die monument gewerk word.

Die beplanning vir die volgende jaar sluimer gewoonlik direk na die konsert en skop so ses weke voor die tyd met 'n vaart af. Die volgende tema is reeds deur Christiaan van Zyl voorgestel: Veg of vlug, wat sal fokus op die grootskaalse emigrasie na die VSA, en die eerste treffers is reeds op die lys.

Ten slotte is daar groot waardering vir die mense agter die skerms. 'n Spesiale woord van dank gaan aan Lida se gesin wat haar oor al die jare die ruimte en ondersteuning gegee het om hierdie passie uit te leef, ten spyte van aande waar daar weens tydgebrek net appels geëet moes word. Vandag is selfs haar skoonseuns en kleinkinders betrokke. Christiaan van Zyl verdien 'n unieke bedanking as 'n kreatiewe, onontbeerlike steunpilaar wat die ware wese van sowel Orania as Kaalvoet verstaan. Laastens word Hans van Staden bedank vir sy kunstige, vaardige rekwisiete van hoë standaard wat hy boonop altyd self befonds.

Foto's: Groeipunt












# Kleinfontein se Voorsitter bly positief oor sy dorp

Dia van Staden

**Drie pilare van Kleinfontein se bestaansreg en toekoms**

1. Regs- en historiese begronding vir selfbeskikking: Kleinfontein se bestaansreg is stewig geanker in sowel nasionale as internasionale raamwerke. Dit word nie net gerugsteun deur Artikel 235 van die Grondwet en die historiese Afrikaner-akkoord nie, maar vind ook aanklank by internasionale VN-konvensies en die volkereg wat aan kultuurgemeenskappe die inherente reg verleen om hul selfbeskikking wettig uit te leef. Hierdie ryk historiese nalatenskap word versterk deur die feit dat Kleinfontein se eie stamvaders en pioniers destyds aktief as onderhandelaars by Codesa betrokke was om hierdie akkoord te sluit.

2. Strategiese ligging as demografiese magneetpunt: Geleë in die ooste van Pretoria—'n streek wat spog met die grootste konsentrasie Afrikaners in die hele land—dien Kleinfontein as 'n natuurlike en kragtige groeipunt. Die dorp funksioneer as 'n demografiese magneet wat mense met dieselfde kultuurwaardes aantrek, wat dit die ideale spilpunt maak vir die uitbouing en praktiese verwesenliking van 'n selfbeskikkingsgebied.


3. Ideale infrastruktuur en gemeenskapsgedrewe sukses: Omdat Kleinfontein net buite Tshwane se stedelike grens (urban edge) lê en histories onder die Oostelike Diensteraad geval het, is dit vroeg reeds by die Tshwane-metro ingelyf. Dit plaas die dorp in 'n unieke posisie om perfek aan te sluit by groter infrastruktuur- en ontwikkelingsplanne. Hierdie strategiese voordeel word aangevul deur 'n koersvaste, aktiewe gemeenskap waar inwoners met trots hul "gryskrag" en lewenservaring inspan om van die dorp 'n blywende en volhoubare sukses te maak.

**Advokaat Rian Genis, voorsitter van Kleinfontein direksie, verduidelik die huidige konfliksituasie in die dorp as volg:**

Die interne konflik spruit uit 'n klein splintergroep (50 tot 70 van die 1 500+ inwoners) wat die dorp se wettigheid betwis, welke groeie ondermeer steun op 'n hofuitspraak wat ook obiter noem dat Kleinfontein onwettig op landbousonering bedryf word. Ekstern is daar 'n regstryd met die Tshwane-metro (City of Tshwane versus Kleinfontein), waarin weerskante mekaar dagvaar. Die konflik word vererger deur politieke onstabiliteit in Tshwane (soos die destydse skielike en onverwagse verwydering van burgemeester Cilliers Brink), wat herhaaldelik formele onderhandelinge ontspoor het. Veranderende DFA en SPLUMA-wetgewing het ook vroeëre miljoene rande se uitgawes deur Kleinfontein aan studies en verslae en voorbereiding vir formalisering, onbruikbaar gemaak, alles terwyl die media die dorp valslik as obstruksioniste uitmaak.

Volgens Genis is die hoofdoel en oplossing algehele formalisering. Kleinfontein het 'n hele ruk gelede op voorstel van 'n voormalige burgemeester 'n voorgestelde roetekaart vir formalisering opgestel. Byna 2 jaar gelede is dit aan Tswane voorgelê tesame met 'n voorgestelde ooreenkoms wat die roetekaart tot uitvoer sou help bring. Nadat die metro 'n hofsaak teen Kleinfontein aanhangig gemaak het, ten spyte van hierdie voorgestelde ooreenkoms en roetekaart en die saak tans sub judice is, het die partye reeds verskeie rondtes van skikkingsonderhandelinge gevoer om die litigasie buite die howe op te los. Adv. Genis en die bestuur is positief dat 'n redelike en billike skikking binnekort bereik sal word.


'n Taakspan is deur Kleinfontein aangestel en interaksie met onder meer adjunkburgemeester Modise is reeds gevoer en formele prosesse is reeds geloods om hierdie proses van formalisering deur te voer.



Adv. Rian Genis, Voorsitter van die Kleinfontein ontwikkeling se direksie, het met Koerania gesels oor die huidige aksies wat Kleinfontein in die nuus hou.




# Straat vernoem na pionier




Lucas Taljaard is 'n pionier wat diep spore in die grondpaaie van Orania getrap het. Sy aandeel in die totstandkoming van die OSK-bank, aankoop van plase en ander instellings gaan nie ongesiens verby nie.
Dr. Ben de Klerk, aandeelhouer van Sonpark, vertel dat oom Lucas hom gedurig aangemoedig het om saam aan die dorp te ontwikkel.
Dr. de Klerk het besluit om 'n straat na hom te vernoem, sodat sy naam en aandeel in die bou van Orania altyd onthou sal word.




# HULDEBLYK

**Fransie Petzer - (20/01/1964 – 17/05/2026)**

- deur Michael Petzer (seun)

As ek dink aan Mamma Fransie, kan ek nie anders as om te dink aan die woord "dankbaarheid" nie. Dit is presies hoe my ma geleef het - met 'n hart vol opregte dankbaarheid vir die klein en die groot dinge in die lewe.
In die eerste plek wil ek vir die Here dankie sê dat Hy Mamma Fransie vir 62 jaar vir ons geleen het. Vir my en my broer is haar lewe die grootste bewys van God se genade. Sy en my pa, Heinie, kon self nie kinders kry nie, en hulle het ons aangeneem. Deur daardie vrygewige liefde het sy vir my geleer wat dit werklik beteken om onselfsugtig te wees - om altyd ander se behoeftes bo jou eie te stel.
Sy was die een wat my en my broer kerk toe "gesleep" het, maar belangriker nog: sy het vir ons gewys hoe dit lyk om die Here lief te hê met jou hele hart, jou hele siel, al jou krag en jou hele verstand. Sy was altyd 'n "maatjie vir 'n praatjie" en het altyd tyd gemaak vir mense. Sy was nooit te besig om na ander te luister nie.
Sy het geweet dat die lewe nie altyd maklik is nie, maar sy het gekies om die mooi te sien en altyd die eer aan God te gee.



Alhoewel ons vandag hartseer is oor haar heengaan, vra ek dat ons sal onthou hoe sy geleef het. Leef soos sy: elke dag met 'n hart van dankbaarheid, maak tyd vir 'n geselsie met iemand wat dit nodig het, en gee altyd - net soos Mamma Fransie - die eer aan God. Die familie het soveel boodskappe ontvang, en elkeen van hulle sê eintlik dieselfde ding: hulle onthou Mamma Fransie se groot glimlag. Die huldeblyke het ingestroom met wat sy alles vir ander mense gedoen het - die bemoedigende boodskappies wat sy gereeld gestuur het, die kere wat sy saam met mense gebid het, en die lekker grappies wat sy gemaak het om ander op te beur. Ons waardeer elke herinnering en elke woord van troos bitter baie.

# Abi en Toffie kamp



Abigail Ackermann is 'n Oraniër en weduwee wat haar nie van stryk laat bring nie. Met een geamputeerde been, haar rolstoele, krukke en Toffie gaan sy net waar sy wil. Abi vertel vir Koerania dat sy by elke kampplek nuwe vriende maak en dat mense oor die algemeen baie behulpsaam is as sy nou vrou-alleen moontlike hulp sou benodig. "Ek hou nie daarvan om vir hulp te vra nie en sukkel meestal maar op my eie, maar die wonderlike mense, unieke ervarings en pragtige natuurskoon wat ek op my reise geniet vul my lewensemmer tot hy oorloop," vertel sy. As jy vir Abi en Toffie by 'n kampterrein sien, staan gerus nader en maak kennis. Sy is 'n vrolike vrou wat haar "man" staan en met elke talent woeker.

# Wanneer ’n kampus ’n tuiste word

## Terugblik op BKO se Opedag

Daar is ’n spesifieke soort energie wat losbreek wanneer mense met dieselfde waardes en drome op een plek saamkom. Dit is presies wat die afgelope naweek tydens BKO se Opedae op 12 en 13 Junie gebeur het.

Dit het Vrydagaand begin met die samesyn van ’n cantus – ’n herinnering dat harde werk en ’n vlytige studentelewe hand aan hand gaan met die bou van lewenslange vriendskappe. Saterdag het die fokus verskuif na die toekoms. Ouers en voornemende studente het deur die klaskamers, koshuise, werkswinkels en die Leer-My-Hoe Proefplaas gestap, op soek na antwoorde vir môre. Hier kon besoekers eerstehands sien hoe die onderskeie voorliefdes omskep word in tasbare vaardighede wat lewens verander. In die werkswinkels en opleidingslokale is die fondamente van ware selfstandigheid sigbaar – of dit nou gaan oor Elektriese en Loodgieter-studielyne, of die hande-uit-die-mou krag van Bou- en Siviele Konstruksie. Daar is saam gekyk na die volhoubare toekoms wat op die proefplaas met Landbou gevorm word, maar ook diep onder die indruk gekom van die deernis en roeping agter Tuisversorging en Vroeë Kinderontwikkeling. Dit is rigtings wat nie net die land prakties opbou nie, maar ook die mense daarin koester en versorg.

Wat die rolspelers by BKO die meeste geraak het, is die afstande wat besoekers afgelê het. Om te weet dat gesinne van elke provinsie – en selfs buurlande soos Botswana – brandstofpryse en lang paaie getrotseer het om BKO te kom beleef, herinner aan die groot verantwoordelikheid wat BKO dra.

Hulle soek nie net ’n rigting nie; maar ’n plek waar daar gegroei kan word tot volwaardige, selfstandige individue en dit alles op ’n kampus sonder mure en in ’n vry en veilige omgewing hier in die Bo-Karoo. ’n Omgewing waar Afrikaners met selfvertroue hul drome kan najaag en die toekoms met albei hande kan aangryp.

“Vir diegene wat nie die naweek by ons kon wees nie: onthou dat ons deure altyd oopstaan vir ’n persoonlike kampusbesoek. Kom loop gerus self die pad saam met ons,” vertel Hanlie Pieters, Bemarkingshoof van BKO.





Belangrike kennisgewing:

Inskrywings vir 2027 is nou amptelik oop vir alle studielyne!

Vir die vinnige besluitnemers: daar is nog net ’n enkele plekke beskikbaar vir die komende Julie-inname vir Elektries. Die toekoms is blink. En ons bou saam. Dankie. n Woord van opregte dank aan die uitstallers wat dienste of produkte bemark, uitgestal of verkoop het:

Orania Ontwikkelings Maatskappy (OOM), Orania Beweging, Solidariteit, Excellencia Haarkappery, Byekorf Eiendomme, CVO -Skool Orania, Orania Dorpsraad, Snippie Snappie, OppiDorp, Afriforum Jeug, Orania Gesondheidsorg, Helpende Hand Studiefonds en die koshuise: Duiker Dameskoshuis, Heldehuis Daghuis, Steenbok en Vaalbos.







# Borgward spog in Orania






Die Nasionale Borgwardklub het vanjaar hul 65ste verjaarsdag op 23 en 24 Mei in Orania gevier. 'n Groot verskeidenheid Borgwards, van stasiewaens tot sedans en coupe's het deel uitgemaak van die saamtrek. Borgward is 'n motor wat bekend is vir sy betroubaarheid en ekonomiese brandstofgebruik.

Die Noord en Suidklubs in Suid-Afrika hou ongeveer 300 Borgwards in stand.

Die laaste Borgward is in 1962 in Duitsland vervaardig. Dr Carl Borgward het die voertuig ontwerp en sy industrie met blitskarre begin. Die motor het voorheen as die Isabella , of Volksmotor, bekendgestaan.





12 Borgwards het 32 persone vervoer. Daar was 3 Sedans, 2 Stasiewaens, 1 Lloyd Alexander en 6 Koepees.

Die Borgeards was vir hulle tyd redelik ekonomies en het oor 'n afstand van 1800 km, heen en weer, 'n gemiddelde verbruik van 13km per liter aangeteken.

















GRONDLYN

# Die Gees van Christus gee nuwe krag

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

– dr Wikus Buys

Die bekende woorde van die profeet Jesaja lui: "Die wat op die Here wag, kry nuwe krag." (Jes. 40:30). Die boek Jesaja het twee hoofdele. Hoofstuk 40 lei die tweede deel van hoop en troos in. Die volk Israel is, vanweë hulle gewigtige en aanhoudende sondes teen God, swaar gestraf. Hulle is uit hulle land uit weggevat. Hulle is na Babilonië ontvoer en die tempel in Jerusalem is verwoes. Van hulle bekende godsdienstige en nasionale lewe het eintlik niks oorgebly nie. Die satan het deur die afgodery hulle ook nog verder getreiter – hulle is beproef en bedroef om te begin dink: dit is heeltemal klaarpraat met ons. Nie alleen het hulle begin twyfel of God hulle weggegooi en vergeet het nie, maar hulle geloof in God, in sy bestaan as regverdige en genadige God, het begin wankel. Dis op hierdie punt van die ergste nood en beproewing dat die profeet deur die Here gestuur word met die wonderlike woorde: 'Troos, troos my volk, sê julle God.' Die Here verseker die gelowiges in die ballingskap dat Hy aan hulle dink. Dat hulle skuld voor sy aangesig uitgedelg word en dat Hy hulle herstel belowe. Die beloftes van die God word vir elke gelowige 'n "ja" en 'n "amen" – slegs in die Here Jesus Christus (2 Kor. 1:20). God se beloftes het ewige drakrag. Ook ons ly dikwels onder allerlei beproewings. Dit toets ons geloof tot die uiterste toe. Dis baie swaar as mens begin besef dat jou toestand waarin jy verkeer nie maar toeval is nie – baie keer is ons situasie te wyte aan ons ongehoorsaamheid. Ons sondes het gevolge, veral sondes waarin ons volhard en met 'n harde hart weier om ons te bekeer. Dan tug God se hand ons, dan val die houe. Soms voel dit vir ons ondraaglik. Menigmaal wil mens moed opgee, veral as die duiwel nog hard èn sag tot ons uitsis: 'God het jou tog vergeet – want daar is eintlik geen God nie'. Ons volk beleef huidig baie beproewings, maar ons moet ook erken dat baie van die verdrukkinge is as gevolg van ons volk se openlike verlating van God. God is en bly met die Afrikaner besig – ook in ons aanvegtinge en verdrukkinge. Laat ons Jesus Christus weer opnuut in die geloof omhels. Alles wat God belowe word self waar in Jesus Christus. Sonder Christus het geen mens en geen volk enige hoop nie. Laat ons moed skep in moeilike tye. God het ons nie vergeet nie – inteendeel. God se binneste roer van aandoening. Laat ons op die Here wag, maar dan met 'n bekeerde hart. 'n Hart wat stukkend is – maar voor God. 'n Hart wat vra na die Here. 'n Hart wat wag op die Here. God belowe dat die een wat op Hom wag wel nuwe krag kry.

Dit bewerk God self deur die Heilige Gees. Christus het nie verniet gesterf en opgestaan nie. Daar is krag in Hom want Hy is die Lewe self. Met die uitstorting van die Heilige Gees bring God letterlik sy eie krag in ons lewe in. Dit geld ook vir ons volk se lewe. Laat nie een van ons verder ons rug op God draai nie. Laat ons mekaar opwek ons saam na God te luister en Hom alleen te aanbid. Staak wat ons weet God se goedkeuring nie wegdra nie. God het nie sy beloftes vergeet nie. God straf nie sy kinders wreed en onophoudelik nie. God het sy volle straf op Christus voltrek. Vir God se kinders is beproewings nie straf nie, dis loutering. Dit wil ons fiks maak in die geloof. Dit wil ons laat wag – juis sodat ons nuwe krag kan kry. In Orania gaan ons ook nou baie nuwe krag nodig hê. Laat ons met die Gees van Christus vol word. Laat ons daarin 'n navolgbare voorbeeld vir almal wees. Ons wag want ons weet: ons krý nuwe krag. Christus het opgestaan. Die Gees van Christus gee nuwe krag – ook vir 'n volk wat weer wil lewe.



# BOEKBEKENDSTELLING

## KANNIEDOOD

'n Blitslekker krimi, deur die topverkoperskrywer Irna van Zyl, wat afspeel in Hermanus en die Klein-Karoo, is in Pretoria bekendgestel. Gielie Hoffman het 'n insiggewende onderhoud met Irna van Zyl gevoer tydens die bekendstelling van haar nuutste skrywe op 23 Mei by die Blou Hond in Pretoria.

'n Rits bekendes het die bekendstelling bygewoon en daar is heerlik gekuier nadat Karin Hougaard uitsoekliedjies gesing het.

Skinderpraatjies veroorsaak dat speuradjudant Storm van der Merwe tydelik geskors word. Die omgewingsaktivis Jane English nooi haar uit om op haar wildplaas neffens Barrydale te kom kuier. Maar Jane het 'n verskuilde agenda: 'n sindikaat het skaars vetplantjies van haar plaas gestroop en sy smeek Storm om die smokkelnetwerk oop te vlek. Kry jou boek by enige gewilde boekhandelaar.





Karin Clifford en Nadine


Riaan Grobler, Irna van Zyl en Dia van Staden


Irna van Zyl, Karin Hougaard en Gielie Hoffman



# Die Witkruismonument is 'n baken van verlies

Dia van Staden

Wat in die eertydse geskiedenisboeke as Konsentrasiekampdag herdenk word, is daar op 16 Junie deur 'n klein groep individue met kwaste, wit verf en skuurpapier hand in eie boesem gesteek. Daar is beplan om 'n hele klomp kruise by die Witkruismonument tussen Polokwane en Mokopane, in ere te herstel.
Dié inisiatief deur Lex Libertas het vir persone 'n geleentheid gebied om deel te vorm van 'n eerbare projek wat heeltemal te min ondersteuning kry. Plaasmoorde is 'n prioriteitsmisdaad vir die Afrikaner en dié monument teen die koppie is 'n tragiese herinnering aan hoeveel boerlewens geeis word terwyl hul in die sweet van hul aangesig die volk voed.
Ongeveer 20 persone het hand bygesit om 'n verskil te maak. Die gras is korter gesny, 'n hele aantal kruise, wat in die harde en klipperige grond omval, is regop geplant, roes is afgeskuur en die kruise is weer wit geverf. Daar is nog baie werk op die terrein waar byna 2 900 kruise staan, en aan die einde van Augustus en vroeg in September is daar nog groepe wat dié poging verder sal neem.
Lex Libertas is besig met 'n veldtog om 3 000 kruise by die Withuis in Washington DC te gaan plant. Die fyn beplanning vir 'n Washingtonkonferensie vooraf en die dag waarop die kruise geplant sal word is in volle swang. Daar is twee maniere waarop Afrikaners en ander ondersteuners betrokke kan raak. Jy kan hul petisie hier teken en jy kan 'n kruis aankoop deur die volgende skakel te volg:
www.whitecrossproject.org
Persone wat by die monument in Suid-Afrika betrokke wil raak kan die voorsitter van die Witkruismonumentbestuur, Kobus de Lange by 084 710 3728 kontak of 'n e-pos na rietvleyks134@gmail.com of 777boerdery@gmail.com stuur vir meer besonderhede.

Foto: Dia van Staden
Hardus Pretorius en Frik Bodenstein het skouer aan die wiel gesit om te skuur, te kap en te verf.








Foto: Frik Bodenstein
Dié groep manne het die Afrikaanse Toekomstrust Suid-Afrika en Eden Akademie verteenwoordig tydens die poging om die Witkruismonument se terrein netjies te maak en die kruise te herstel.

Foto: Klaas Prinsloo
Lelanie en Xander Roets het hulle hande ook vuil gemaak deur te help skuur en verf aan die kruise.




Foto's: Dia van Staden
Enige individu kan hand opsteek om by die Witkruismonument en sy projekte betrokke te raak. Laat jou stem hoor, maar gaan oor in aksie om 'n werklike verskil te maak. Kontak Kobus de Lange by 084 710 3728 kontak of stuur 'n e-pos na 777boerdery@gmail.com vir meer besonderhede oor hoe jy betrokke kan raak.




Elmien Redelinghuys met die boek, Skaakspel, deur haar broer, Frikkie Roos geskryf. Dit vertel die verhaal van Chris en Leonise Joubert wat 'n grusame plaasaanval in Augustus 2020 oorleef het.






Foto: Dia van Staden
Kameraman Pierre Malan neem 'n onderhoud met dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, op vir 'n mini dokumenter oor plaasmoorde wat hul tans bymekaar sit.

# Vaderskap is 'n reuse verantwoordelikheid



Theuns Wessels | Pierre Fourie | Theunie Kruger | Pieter Bosschoff | Hans van Staden | Carel van den Berg

**Theuns Wessels:** "Vaderskap mag nie… beperk word tot jou eie kinders,hulle is natuurlik jou eerste prioriteit, maar die jongmense moet kan opkyk na die vaders in ons gemeenskap en hulle as rolmodelle beskou.

**Pierre Fourie:** "Vaderskap sal nooit… 'n werk of moeite wees nie maar 'n Godgegewe verantwoord elikheid en voorreg wat baie seëninge inhou vir dié wat God dien en dit tot eer van Hom doen.

**Theunie Kruger:** "Vaderskap bring mee dat… ek my verhouding met my hemelse Vader moet koester om Sy liefde te ontvang en dit oor te dra aan my gesin (en andere)!

**Pieter Bosschoff:** "Vaderskap se uitdagings… in ons moderne samelewing is veelvuldig van aard.Kinders ontvang, veral deur maklike toegang tot die sosiale media, blootstelling aan inligting wat voorheen taboe was. Daarom is dit so belangrik dat vaders tyd met hul kinders moet spandeer. Hou saam huisgodsdiens, eet saam aan tafel, skop saam bal en gesels met jou kinders oor hoe jy met jou finansies werk. Goeie gesinsverhoudinge bly die belangrikste bousteen vir ń gesonde en gelukkige gesin.

**Hans van Staden:** "Vaderskap het nog altyd… by my die vraag opgebring - Hoekom? Jou beursie bly leeg, jou tyd is nie jou eie nie en jy slaap bitter min. Maar wanneer jy deur al hierdie pyn en drama is en jou kinders maak 'n sukses van hulle lewe en hulle voel gerus om enige tyd nog in jou kaste rond te grou weet jy dat dit die moeite werd was. En dan wag jy vir die kleinkinders want oupaskap kan net beter wees.

**Carel van den Berg:** "Vaderskap is… meer as net 1 of 2 woorde, dis 'n hele woordeboek, eintlik 'n hele woordeboek vir elkeen van die geslagte vaders wat my vooraf gaan.

**Dit was my pa wat my geleer het om myself te waardeer. Hy het vir my gesê dat ek buitengewoon mooi is en dat ek die kosbaarste ding in sy lewe is.**

**~Dawn Frans**






## ORANIA DAGBOEK

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

**Junie**
19 Koerania Uitgawe 31
25-27 CVO-skool Winterspele

**Julie**
17 Koerania Uitgawe 32
25 Pekanoesfees
Draf in die boord
Klawers in die boord

**Augustus**
3 Orania CVO-Skool Krieket-toernooi
8 Dames Wynproe-aand
9 Stap vir Jesus
12 Taalweek poppekas
14 Koerania Uitgawe 33
14 Taaldag/Taalweek (Oker)

**September**
5 Orania Gaan Groot
18 Koerania Uitgawe 34

**Oktober**
1-3 Orania Karnaval
10 Heldedag (Orania Beweging)




# 10 VRAE AAN... Christelle de Villiers



1.Wanneer het jy en jou familie na Orania verhuis? Waar het jul voorheen gewoon?

Ons het in 2022 vanaf Piketberg in die Wes-Kaap na Orania verhuis.

2. Jy is 'n prokureur. Vertel ons wat jy tans in Orania vir 'n inkomste doen?

Ek het my praktyk vroeër vanjaar opgegee en is tans as nie-praktiserende prokureur geregistreer. Ek doen steeds kontrakwerk hier en daar vir 'n aanvullende inkomste.
My passie is Karooklanke en Klingels Musieksentrum waar ek my energie insit en werklik poog om kinders en studente te inspireer om 'n liefde te hê vir musiek en kultuur.

3.Watter lewensles het die lewe jou tot dusver geleer? Wat maak jy daarmee?

Die lewe het my geleer dat 'n mens jou tyd en energie moet belê in jou passie. Wanneer jy werk doen wat jou opgewonde maak is elke dag 'n plesier eerder as 'n plig. Ek poog ook om onderskeid te tref tussen dit wat werklik saakmaak en dit wat net tyd en vrede steel. Ons leef in 'n wêreld vol geraas. Moenie dat die geraas jou oorneem nie. Draai die volume af en sit jou voet op die petrol na dit wat saakmaak.

4. Hoe wend jy musiek aan in jou daaglikse lewe?

Musiek vorm die ritme van my lewe. Van die oomblik dat ek soggens my oë oopmaak totdat ek saans gaan slaap, is dit deel van my dag. Van persoonlik tot gesin tot gemeenskap. Ook in my vryetyd. Ek het my van vroeg af beywer om by my kinders 'n liefde vir musiek en kultuur te kweek. Vandag is ek dankbaar om te sien hoe daardie liefde saam met hulle gegroei het, en hoe dit steeds ñ lewende deel van ons gesin bly. Dis 'n manier van leef.

5, Noem 3 redes hoekom kinders aan musiek blootgestel moet word?

Net 3 redes? Ek kan 3000 gee. Musiek beïnvloed ontwikkeling op 'n unieke manier.
Brein: Musiek aktiveer beide kante van die brein gelyktydig. Dit verbeter konsentrasie, taalontwikkeling, wiskundige vaardighede en leerprosesse, omdat dit verskillende tipes denke op dieselfde tyd stimuleer.
Unieke kombinasie: Musiek kombineer verskeie vaardighede in een aktiwiteit:
-klank (soos taal)
-patroon (soos wiskunde)
-beweging (soos sport) en
-emosie (soos kuns)
Emosioneel: Dit leer kinders dissipline en deursettingsvermoë. Terselfdertyd gee dit 'n kreatiewe manier om emosies uit te druk. Dit bou selfvertroue, gee balans en fokus in hulle daaglikse lewe.

6. Watter 3 aktiwiteite sou jy in Orania aangebied wou sien?

Orania is 'n unieke plek, en daarom glo ek ons skole behoort ook uniek te wees.
Ek sou graag die volgende in ons SKOLE wou sien:
- Leierskampe gestruktureerd vir kinders vanaf laerskool sodat ons ware leiers kan kweek.
- Musiek, drama en kultuur ten volle teruggebring, nie as buitemuurse aktiwiteit nie, maar volwaardige plek in 'n skoolweek.
- Skoolkonserte, daai tipiese skoolkonsert wat elke jaar gehou, begroot en beplan word. Met drama, sang, dans, kostuums, ligte en rook.

7. Watter spreekwoord hou vir jou waarheid in?

Harde werk klop talent wanneer talent nie hard werk nie. (Basketbal afrigter, Tim Notke)

8. Droom jy nog? Waaroor?

Ja, ek droom nog baie. Ek droom oor Orania se teater en oor die moontlikheid dat daar genoeg ondersteuning en finansiering kan wees om musiek, drama en alle kreatiewe en kulturele aktiwiteite onder een dak te kan saambring.

9. Waar sou jy wou woon as dit nie Orania was nie? Waarom?

Wes-Kaap, Piketberg. Dis n mooi, klein dorpie en dis relatief veilig. Ons was altyd gelukkig daar, so ek sou enige tyd weer soontoe trek as Orania oornag deur die aarde ingesluk word.

10. Watter projek wil jy nog aanpak wat tans nie in Orania bestaan nie?

Ek sou graag wou deel wees van 'n projek waar als onder een dak gebring word (vraag 8)

# Comrades 99 in 'n uitdagende sakkie




Christo Müller en Wayne McDermitt het vanjaar weer Orania se naam hoog gehou tydens die 99ste Comrades Marathon wat op Sondag 14 Junie aangebied is.
Wayne het nie sy beste resies ooit gehardloop nie, maar vertel dat hy tevrede is dat hy wel die wedloop in 'n goeie tyd van 9:48:50 voltooi het. "Dit was warm en seer, en my beste tyd vir die Op hardloop."
Christo het vanjaar swaar gekry en sy beenspiere het hom opdraende gegee. "Dit was nie my dag nie en dit was erg om deur daardie pyn 'n 11:20 te hardloop." Hy noem dat hy beslis meer heuwels moet hardloop om die spiere te versterk vir 2027 se 100ste feesvieringe. Karin Müller, wat gewoonlik saam met haar man die wedloop aandurf het ongelukkig vanjaar misgeloop, maar sal alles in die stryd werp om in 2027 deel te wees van die duisende fikse atlete.
In 'n dramatiese dag van rekords breek, is die louere vir die eerste plekke in die 2026 Comrades-marathon deur die Suid-Afrikaners George Kusche en Gerda Steyn ingepalm.
Met 'n roete van 85,777 km lank – wat 133 meter korter as in 2024 was en die kortste roete-afstand in die aangetekende geskiedenis vir die 'Op'-loop – is daar verwag dat vanjaar se wedloop vinnige tye, moontlik selfs rekords, sou oplewer, en dit het behoorlik daaraan voldoen.
Albei wenners het die wenstreep in nuwe rekordtye oorgesteek en sodoende hul name in die geskiedenisboeke geskryf, terwyl hulle terselfdertyd massiewe prysgeld ingepalm het in dié 99ste uitgawe van The Ultimate Human Race, en die 50ste uitgawe van die 'Op'-loop vanaf Durban na Pietermaritzburg.
Kusche het die mansresies in 5:15:56 gewen en die vorige 'Op'-rekord van 5:24:49 – wat in 2008 deur die Rus Leonid Shvetsov opgestel is en vir 18 jaar gestaan het – heeltemal verpletter.
Kusche het ook 'n gemiddelde pas van 3:40,99/km gehandhaaf, wat beteken dat hy die 'Beste Gemiddelde Tyd' van 3:43,75/km wat in 2000 deur Vladimir Kotov opgestel is, verbeter het.
Tweede oor die wenstreep was die Nederlander Piet Wiersma, die 2024-wenner en verdedigende kampioen van die 'Op'-wedloop, wat in 5:19:36 klaargemaak het.
In die vroueresies het Steyn na haar derde 'Op'-wedloop-oorwinning en vyfde Comrades-marathontitel algeheel aangestoom, met 'n indrukwekkende tyd van 5:44:53.
Dit was binne haar eie rekordtyd vir die vroue se 'Op'-wedloop van 5:49:46, wat sy in 2024 opgestel het.
Die twee Oraniamanne is dit eens: "Ons sal volgende jaar terug wees!"





KOERANIA Sport

083 726 1180
redakteur@koerania.co.za
ORANIA - NOORD-KAAP






# Winterspele 2026 in Orania

Jaco Kleynhans

Die jaarlikse Winterspele van CVO-skole regoor Suid-Afrika sal vanaf 25 tot 27 Junie vir die eerste keer ooit in Orania plaasvind. Jaarliks neem sowat 1000 rugby- en netbalspelers aan hierdie skolesportbyeenkoms deel, terwyl dit deur minstens 3000 toeskouers bygewoon word.

Orania CVO-skool, 'n lid van die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO), het die afgelope vyf jaar teen 'n koste van R8 miljoen vier rugbyvelde en sewe netbalbane op die skool se terrein ontwikkel met die oog daarop om juis groot byeenkomste soos die Winterspele te kan aanbied. Deur die skool se Mielieprojek het die boere die afgelope dekade grootliks die finansiering van hierdie sportfasiliteite gefinansier.

Die Winterspele het die afgelope paar jaar meestal in Lichtenburg en Groblersdal plaasgevind, omdat daar in beide dorpe CVO-skole is met sportfasiliteite wat aan die minimumvereistes van drie rugbyvelde en ses netbalbane op een terrein, voldoen. Vanjaar se Winterspele in Orania is dus in baie opsigte 'n eerste. Terwyl dit die eerste Winterspele is wat die BCVO se Noord-Kaapstreek in die Noord-Kaap self aanbied, is dit ook die grootste sportbyeenkoms wat nog ooit in Orania aangebied sal word. Die Winterspele beloof om uitstekende skolesport na Orania te bring met leerlinge van die 30 CVO-skole wat in vier streke opgedeel is en wat vanaf voorskoolse ouderdom tot o/19 aan rugby en netbal sal deelneem.

Orania CVO-skool, saam met die ses ander Noord-Kaapse CVO-skole beplan reeds vir maande aan die byeenkoms en daar word 'n reuse toestroming van besoekers na Orania verwag. Alle verblyf in Orania en vyf omliggende dorpe is reeds maande gelede vol bespreek en Orania se restaurante, winkels en dienstesektore maak ook lankal gereed om al die gaste te verwelkom.

Die Winterspele sal 'n reuse ekonomiese inspuiting vir Orania beteken. Dit bring egter ook minstens 1000 ekstra voertuie per dag na die dorp en daarom sal Orania Veiligheidsdienste help om die verkeer te reguleer. Daar is vier parkeerareas wat goed aangedui sal wees. Toegang tot die Winterspele-terrein sal slegs R35 per persoon per dag wees. Heerlike kos en versersings sal op die skoolterrein te koop aangebied word.

Inwoners van Orania en die omliggende omgewing word aangemoedig om die feestelike sportbyeenkoms te kom bywoon. Bring gerus kampstoele saam en kom deel in hierdie reuse Afrikaner sportbyeenkoms – naas die Bokkieweek wat jaarliks in Kroonstad of Potgietersrus plaasvind – die grootste in die land!

Wedstryde sal ook op YouTube uitgesaai word en die uitslae sal op die skool se webblad by www.bcvowinterspele.co.za gepubliseer word. PretoriaFM sal Saterdag, 27 Junie regstreeks vanaf die Winterspele uitsaai.

Orania CVO-skool is een van Orania se trotse instellings. Die skool se personeel, ouers, leerlinge en ondersteuners het oor die afgelope paar jaar hard gewerk om die skool se fasiliteite uit te brei en die skool het tans meer as 500 leerlinge vanaf babas tot Graad 12. Om hierdie nuwe groot mylpaal te vier wil die skool dus die hele Orania-gemeenskap nooi om in die vreugde, maar ook die samesyn en heerlike sportmanskap te kom deel.







